

6 Augustus

Skrifgedeelte: Genesis 28:10-22
Fokusgedeelte: Genesis 28:13-15, 20-22

Die Here is by sy kinders

As 'n mens sonde doen en foute maak in die lewe, dan wonder jy dikwels of die Here jou nie maar vergeet het nie. Dit is 'n tipiese vraag wat die mens vra. In ballingskap weggevoer vanweë hulle sonde het Israel ook gesê (Jes 49:14): “Die Here het my verlaat, die Here het my vergeet.” Is dit waar dat die Here sy kinders los as hulle in die lewe verbrou het?

Jakob, die vluggende bedrieër, raak daar op die klip aan die slaap met waarskynlik al hierdie geloofsvrae in sy kop. Hy droom. Hy sien 'n leer wat op die aarde staan en aan die hemel raak. Bo-aan die leer staan God. Is dit dalk God se oordeel wat aanbreek? Nee, die Here kom staan in Jakob se droom by hom en verseker hom van sy verbondsliefde, bystand en beskerming. Ag, hoe wonderlik is die Here se opsoekende liefde nie vir sondaars wat platgeslaan is vanweë hulle eie sonde en brouwerk nie! Die Here weet hoe staan hart en sinne daarbinne as sondaars worstel in hulle leed (Ps 38:8 berym). Hy soek hulle op. Hy troos hulle. Hy versterk hulle.

So soek die Here, terwyl jy hierdie oordenking lees, ook jou op, sondaar! Hy doen dit om in Jesus, Immanuel, as Vader by jou te wees. Met sy Gees woon hy selfs in jou hart. Mens met die verbroude lewe, God los jou nie in jou sondenood en ellende nie. As jou sonde aan jou siel knaag oor 'n verbroude lewe vol bedrog, leuens, haat, familietwis of egskeiding, God soek jou nou op met sy liefde en nabyheid.

Die ondersoekende vraag is: Neem ek en jy die Here op sy Woord en beloftes as Hy ons so in liefde opsoek? Jakob die bedrieër omhels die Here en sy beloftes (vs 20). Die twyfelaar Tomas roep uit (Joh 20:28): “My Here en my God!” Petrus, die loënaar, bely (Joh 21:17): “Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.” As God jou nou opsoek kan jy ook 'n Bet-El in jou lewe aanwys?

Sing: Psalm 38:8

Ds. T.J Potgieter (Bloemfontein-Noord)